

KAMPUS **NEWS**



Welkom

PROF WIM DE VILLIERS

Faculty of EMS
celebrates 90 years

Marlene van Niekerk oor
haar Booker-nominasie

Maties Sport stel
nuwe program bekend

What do people say
about #democracy?

Taal en teks dryf Mattie

Mattie van der Merwe het 'n liefde vir taal en teks, en daarom geniet sy haar werk as publikasiedakteur in die Afdeling Korporatiewe Bemaking, wat alles van publikasies en webblaaie tot sosiale media en universiteitsgeleentheid behartig.

As publikasiedakteur hanteer ek ... die voor- en nagraadse prospektusse, die gradeprogramme en die US Jaarverslag. Eers was alles net papierpublikasies, maar mettertyd is die prospektusse in 'n databasis ingepak en nou word hulle op die web gepubliseer. Ek hou 'n oë oor die hele proses – inhoud, taalversorging, vertaling, gehaltebeheer, styl, foto's – totdat die publikasie afgelewer word. Ons doen alles in Afrikaans en Engels, met die uitsondering van die Gradeprogram waarvan die inligtingraamwerk ook in Xhosa gegee word. Ek het bondgenote in elke fakulteit en in die akademiese administrasie wat my hiermee help.

Ek werk nou al 15 jaar ... in 'n permanente pos vir my afdeling. Voor dit het ek vir vier jaar halfdagwerk gedoen. Daar gaan interessante goed by die Universiteit aan en dit sorg vir 'n stimulerende en uitdagende omgewing. Ek hou daarvan om uitgedaag te word en nuwe vaardighede aan te leer. En my kollegas se humorsin maak alles die moeite werd!



Die skryf van jaarverslae ... betree nou 'n nuwe tydvak met geïntegreerde verslaggewing. Dis nou die tweede jaar dat die US aan geïntegreerde verslaggewing werk en ons hoop om volgende jaar oor vanjaar 'n geïntegreerde verslag te publiseer. Die Universiteitsbestuur moet natuurlik 'n toekomsvisie vir ons instelling hê en geïntegreerd bestuur vir ons om so 'n verslag te kan lewer. Die US-bestuur vorder uitstekend daarmee – ons het nou al 'n waardevolle padkaart vir die toekoms in die *Institusionele Voorneme en Strategie* met sy strategiese prioriteite en doelwitte. Ons het ook reeds 'n risikobestuurprogram wat universiteitswyd veranker is. Maar ons het nog 'n paar dinge om reg te kry, dan is ons reg vir ons eerste geïntegreerde verslag by hierdie universiteit!

Ek hou daarvan om teks ... te verbeter, probleme op te los en met kollegas in ander omgewings te onderhandel om die beste moontlike inligting aan lesers te bied. Ek verwelkom soms 'n teksprobleem, want dit gee jou die kans om 'n kreatiewe oplossing te vind wat op die ou end 'n unieke en gewaardeerde eienskap van die publikasie word. 'n Publikasie kry 'n houding, kan jy maar sê. Om met kreatiewe mense soos uitlegkustenaars en fotografe te doen te hê is 'n groot plesier in my werkslewe.

Ek behoort aan die Boekwurm-leeskring ... Ons kom een keer per maand bymekaar om 'n boek te bespreek, maar die lekkerste is ons jaarlikse Stipleesdag, wat 'n hele Saterdag in beslag neem. Ons het al 'n hele naweek ook Stipleesdag gehou! Dit gaan gewoonlik oor 'n skrywer of 'n klassieke werk, soos Dante se *La Divina Comedia*, wat ons net nie in een dag ingepas kry nie. Verder doen ek graag tai chi, ry op my bergfiets op grondpaaie, gaan fliek en probeer lekker kos vir my huismense maak.

Foto's: STEFAN ELS



inhoud

My Kampus: Mattie van der Merwe praat publikasies3
 Woordfees wys beste kunstenaars aan4
 Training in humanitarian logistics boosted5
 Navorsingseenheid betrek denkers oor demokrasie6
 PLUS-program ken kwalifikasies toe7
 Nuwe US-rector, Prof Wim de Villiers, gesels8
 #Democracy and online opinions10
 90 years of excellence at EMS11
 Anker en Muller wen UJ-pryse12
 Kampuslewe: Eet, lees en luister13
 New unit to boost staff wellness14
 In gesprek met prof Marlene van Niekerk15
 Brokkies in Beeld16



Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertensies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wmmuller@sun.ac.za



So tussendeur al die openbare vakansiedae in April het daar nogal baie hier in Stellenbosch gebeur. Die opwindendste daarvan is sekerlik dat ons nuwe Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, sy pos ingeneem het.

Prof Wim het op 1 April begin en sy inhuldiging was op 29 April. Hy het reeds 'n bedrywige maand agter die rug en het heelwat geleentheid bygewoon, maar ook tyd gekry om in sy nuwe kantoor nes te skop.

Vandeesmaand is hy op *Kampusnuus* se voorblad en hy gesels op bladsy 8 met ons oor sy terugkoms, as't ware, na Stellenbosch, waar hy grootgeword en gestudeer het. Hy deel ook van sy planne en visie vir die Universiteit se toekoms. Voorspoed aan prof Wim.

Another milestone which was celebrated in April is the 90th anniversary of the Faculty of Economic and Management Sciences. A gala event was held on 18 April which some of the previous deans attended. Learn more about the history of this faculty – the biggest at SU – on page 11.

Staff members at SU are always busy with interesting research. On page 10 we tell you about a project of the Department of Political Science to measure online opinions expressed about democracy.

Van ons personeellede het in April groot erkenning vir hul werk ontvang. Dr Willem Anker van Afrikaans en Nederlands en prof Stephanus Muller van die Musiekdepartement het die Universiteit van Johannesburg se Afrikaanse letterkundepryse gewen. Daarby is die gevierde skrywer prof Marlene van Niekerk vir die kortlys van die Man Booker Internasionale Prys benoem. Lees op bladsy 15 wat sy te sê het oor dié groot eer.

Kampusnuus het ook gaan inloer by 'n personeellid wat dikwels hard agter die skerms werk. Mattie van der Merwe van die Afdeling Korporatiewe Bemaking vertel op bladsy 3 van haar werk as redakteur van onder meer die US Jaarverslag en prospektusse.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*.

Wayne

f Congratulations to Advocate Thuli Madonsela on receiving an honorary doctorate from Stellenbosch University. You deserve it. You are one of the few phenomenal women in Africa. – *Ndinelayo Kaleb*

With regards to the opening of Huis Russel Botman House: Prof Botman's legacy lives on. I am proud to have attended SU during his time! – *Oliver Zishiri*

t Fantastic! @StellenboschUni attempts to create @SA greenest student res! – *GCX Africa*

Happy 100th birthday to Dr Danie Joubert, oldest alumnus of @StellenboschUni's Faculty of AgriSciences – *@SU_Alumni*

KAMPUSklets

Baie geluk Leon Dicks met die wonderlike prestasie (sien bladsy 6). My seun, Graham, het sy MSc onder jou gedoen en na jou huis gekyk toe jy oorsee was. – *Emeritus-professor I.R. Green*

With regards to Prof Wim de Villiers' article "Universities are engines of innovation": It is true of universities that continue to place teaching and research forward as the core mandate for which they exist. As soon as universities get into profit-making business, as is happening in my home country Kenya, then valueless certificates flood the country's workforce with severely negative consequences. Stellenbosch has consistently shown the way, and I am proud to be a Matie.

– *Rev. Tom J. Obengo*

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Kunstenaars beloon met WoordTROfees

Die US Woordfees het op Maandag 20 April by die WoordTROfees-seremonie by Tokara sy beste kunstenaars vir uitmuntende en kreatiewe vertonings beloon. Die fees het vanjaar sy sestiende jaar beleef, met die tema "16 Onse".

Saartjie Botha, wat haar eerste jaar as feesdirekteur gehad het, sê vanjaar se fees, wat van 6 tot 15 Maart op Stellenbosch aangebied is, het 'n 34% groei in kaartjieverkope op dié van die vorige jaar getoon.

Die toneelstuk *Dogma* van Christiaan Olwagen ('n US-alumnus) het twee pryse ingepalm: Olwagen vir beste regisseur vir *Dogma*, *Die Seemeeu* en *Son.Maan.Sterre*; en beste feesproduksie.

Tinarie van Wyk Loots is aangewys as beste toneelspeler op die fees vir haar spel in *Orgie*.

Die beste byspeler is die jong akteur Richard September, wat in *Rondomskrik* gespeel het.

Onder die musiekproduksie het *Zoid.Zanne.Zolani* die pryse vir beste



Gavin Pierce, onderhoof van Bernardino Heights Sekondêr, ontvang die skool se prys van Japie Gouws, die ATKV-hoof.

Foto: STEFAN ELS

musiekgedrewe produksie ingepalm. Die beste solo-musiekkunstenaar is Joshua na die Reën, met Mango

Groove wat vir beste kontemporêre musiekgroep gewen het.

Die US Kamerkoor se *Afrikaanse Lied*-konsert is die beste produksie van klassieke musiek.

Die beste nuweling by Aan de Braak is *Ont(Pop)*.

Sandra Hanekom het die prys vir beste visuele kunste-aanbieding gekry vir haar uitstalling *Museum: Van Been en As*.

Skrywers is ook met pryse beloon. Deon Meyer se *Ikarus* is die gewildste prosa, *Die dans met God* deur Abel Pienaar is die gewildste leefstylboek, en Antjie Krog se *Mede-wete* is die gewildste poësiebundel.

Twee pryse van die Woordfees se WOW-projek is ook oorhandig. Carol Adonis van Reygersdal Primêr in Atlantis is aangewys as onderwyser van die jaar, terwyl Bernardino Heights Sekondêr die skool van die jaar is.

Elwin September en Joey Farao het die pryse vir die Woordfees se feeshelde gekry.

Wes-Kaapse premier open akademie by USB

'n Man wat 'n besigheid in Khayelitsha bedryf waar hulle op fietse ry en mense se voorskrifte by hospitale gaan haal, is die tipe entrepreneurskap wat die land nodig het. Só het Helen Zille, Wes-Kaapse premier, gesê by die

bekendstelling op 10 April van die Impumelelo: Stellenbosch Academy for Social Innovation by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB).

"Dit is die idees wat probleme sal oplos en werk sal skep," het Zille

gesê en verwys na ander voorbeelde soos die internet-taxi-onderneming Uber en mense wat GPS-toepassings vir fietse ontwikkel.

"Oral oor die wêreld is hierdie die nuwe manier van filantropiese investering," het sy gesê.

Zille het klem gelê op investering wat nie afhanklikheid

kweek nie en gesê die belangrikheid van die akademie lê in die feit dat entrepreneurs gehelp word om op hul eie voete te staan.

Die vennootskap tussen Impumelelo, die sentrum vir maatskaplike innovering, en USB Bestuursontwikkeling (USB-BO), 'n private ontwikkelingsmaatskappy wat verwant is aan die USB, poog onder meer om sosiale entrepreneurs te identifiseer en te help.

Zille meen Suid-Afrika en ander ontwikkelende lande het die uitdaging om agter te kom watter dienste en rolle die staat werklik kan verskaf en wat individue self moet doen.

Sy het gesê dit is die rol van elke individu om self probleme in die land te probeer oplos.



Frik Landman, Uitvoerende Hoof van USB-BO; premier Helen Zille; dr Rhoda Kadalie, Uitvoerende Direkteur van Impumelelo: Stellenbosch Academy for Social Innovation; en prof Piet Naudé, Direkteur van USB, by die bekendstelling van die akademie.

'AEAA' first journal on China-Africa relations to be accredited in Africa

The *African East-Asian Affairs* (AEAA) journal of the Centre for Chinese Studies at SU recently became the first African journal on East Asian-Africa relations to be accredited by the Department of Higher Education and Training. The journal was established in

2006 as the *China Monitor*. In 2012 it was re-launched as the AEAA.

"East Asia's relationship with emerging markets such as Africa, South America, South East Asia and Central Asia is still fairly new and Africa is an important player in this new field,"

explains Dr Ross Anthony, the Interim Director of the Centre and Associate Editor of the journal.

The CCS has spent the last 10 years focusing on China-Africa relations research and is the only centre in Africa to do so exclusively.

Training in humanitarian logistics boosted

Although South Africa is not often faced with devastating natural disasters and wars, fires and floods annually leave thousands of people homeless. But those who help are not always trained to efficiently distribute resources like food, clothes, medicine and building materials pouring in from donors.

On Wednesday, 15 April, the Department of Logistics in the Faculty of Economic and Management Sciences (EMS) at SU signed a Memorandum of

Understanding (MoU) with the Swiss Kühne Foundation. This agreement will result in a greater pool of knowledge and expertise in the field of humanitarian logistics.

The MoU was signed by Prof Wim de Villiers, Rector and Vice-Chancellor of SU, and Dr Hubert Achermann of the Kühne Foundation.

This allows for three members of the Foundation to work on research and other projects with the Department

of Logistics. It further makes provision for, among others, the development of curricula and presenting academic modules in humanitarian logistics in Southern and East-Africa and providing logistics training to humanitarian

workers in these regions.

The Kühne Foundation is highly respected worldwide for its initiatives in promoting education, further training and research in the field of logistics and transport. Through its alliance with the Kühne Foundation, SU will also enter into long-term partnerships with other universities in Europe, Africa and elsewhere with the aim of promoting humanitarian logistics.

"It is important for us to work with the Kühne Foundation, which is acknowledged as being the world leaders in the field of humanitarian logistics. When disasters occur there is an urgency to distribute the necessary relief resources without delay to those affected," says Prof Hannelie Nel, Chair of the Department of Logistics.

Dr Jennifer Schwart of the Kühne Foundation pointed out that those who are trained in humanitarian logistics will be able to respond to all kinds of crises, from natural disasters to medical epidemics.

The Foundation will also give bursaries to deserving students.



Pictured at the signing of the MoU is (front) Prof Stan du Plessis, Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences; Prof Wim de Villiers, SU Rector and Vice-Chancellor; Dr Hubert Achermann of the Kühne Foundation; and (back) Prof Hannelie Nel, Chair of the Department of Logistics and Dr Jennifer Schwart of the Kühne Foundation.

Digital Quotient creates social hype among USB students

The Digital Quotient (DQ) module on USB's new Postgraduate Diploma in Business Management and Administration (PGDip BM&A) has created a buzz on social media among students. The new programme is presented through blended learning – a combination of on-campus classes and virtual learning.

Heleen Mills, lecturer of the DQ module for the PGDip MB&A, uses Twitter to lecture USB's postgraduate business students. She says they have been using the hashtag #PGDipBMA on Twitter to be part of the conversation regarding this programme.

Here is what some of USB's students have to say about the new programme:

@philip_hanekom: First class away from class. @StellenboschUSB making things happen. #PGDipBMA

@PhemeloMitchell: Salute to USB #PGDipBMA for eliminating barriers to acquiring education from anywhere in the world @martinjbutter

@ukhanyom: Just finished with full interactive lecture presentation, 1 024.3 km from the campus #PGDipBMA #digitaleducation

Mills defines DQ as "the marriage of digital literacy and digital citizenship to enable students to have judgement to decide whether to use a piece of technology to solve a business related problem or not".

"Currently there is a plethora of

technology and software available and if you don't have the correct knowledge to know which technologies will improve the problem or not, you cannot make the judgement and improve your business processes," she says.

Included in the module are aspects such as using Advanced Power Searching, Google Scholar, digital citizenship, digital security, the various platforms of social media and online reputation management.



Heleen Mills

Ingenieurswese verloor lojale personeellid

Die Department Prosesingenieurswese het een van sy mees betroubare en lojale kollegas verloor met die afsterwe van Dr Elton Thyse (foto) op 14 April.

Thyse was 'n graduant van die Departement van Mynwese by die Universiteit van die Witswatersrand en het nywerheidsondervinding by

De Beers opgedoen. Hy het in 2003 by die US aangesluit om die bestuur van die mineraalverwerkingsfasiliteite te behartig. In daardie stadium is hierdie fasiliteite deur al die tersiêre akademiese instellings van die Wes-Kaap benut.

Vanaf 2006 het hy die Departement

se fasiliteitsbestuurder geword wat verantwoordelik is vir die bestuur en koördinerings van die Departement se fisiese infrastruktuur.



Nuwe navorsingseenheid betrek beste denkers oor demokrasie

'n Nuut geformaliseerde eenheid, wat vir die laaste 15 jaar die beste denkers oor demokrasie van regoor die wêreld lok, is weer bekendgestel tydens 'n dag lange inwydingskongres.

Die Transformation Research Unit (TRU): Democracy Globally is op Donderdag 16 April amptelik by STIAS in Stellenbosch geopen.

Die US se Nagraadse en Internasionale Kantoor tree op as mede-gasheer van die kongres, en dit is gesamentlik deur die Kantoor van die US se Viserektor (Navorsing en Innovasie) en die Taiwaneese Stigting vir Demokrasie befonds.

Die TRU-lede sluit vele internasionale en vooraanstaande senior politieke wetenskaplikes, ekonome, sosioloë en

geskiedkundiges in. Die Eenheid sal voortbou op die werk van sy voorganger – 'n informele internasionale navorsingspan wat sedert 2000 demokrasie bestudeer.

Die TRU is amptelik aan die US gestig aan die einde van 2014 en is gesetel in die Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek, in die Departement Politieke Wetenskap.

Die Eenheid sal voortgaan om



Die TRU-navorsingspan by die bekendstelling. Foto: ANTON JORDAAN

demokrasie vergelykend te ondersoek, oor verskillende kulture heen, vanuit 'n ekonomiese, politieke en sosiale perspektief, met spesifieke fokus op Suid-Afrika, Suid-Korea, Chili, Pole, Turkye, Duitsland en Swede.

SA Akademie vereer vier van US

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het weer vanjaar 'n hele aantal kundiges van die US bekroon.

Die ontvangers is proff Johan de Villiers en die Libertaskoor; Leon Dicks, uitgelese professor aan die Departement Mikrobiologie; Lizette Rabe, hoogleraar in die Departement Joernalistiek; en Leslie Swartz van die Departement Sielkunde.

Die pryse sal tydens een van twee bekroningsplegtighede, onderskeidelik op Stellenbosch (24 Junie) en Pretoria (2 Oktober), oorhandig word.

De Villiers ontvang 'n erepenning van die Akademie vir die besondere manier waarop hy die afgelope 25 jaar



Prof Leon Dicks

die Libertaskoor lei en afrig.

Dicks is die wenner van die Havengaprys vir lewenswetenskap. Dit is 'n prestigeprys wat jaarliks

toegeken word vir oorspronklike navorsing in natuurwetenskappe en/of wetenskaptegnologie. Dit kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Rabe ontvang die Stalsprys vir Kommunikasie en Joernalistiek.

Luidens die verklaring van die Akademie het sy haarself "onderskei as gesiene akademikus in 'n vakgebied



Prof Lizette Rabe

waar praktiese ervaring, gekoppel aan grondige akademiese kennis, 'n voorvereiste is. Haar loopbaan getuig van 'n benadering om alle geleenthede te benut om joernalistiek as vakgebied te bevorder en uit te bou."

Die Stalsprys vir Sielkunde is vanjaar aan Swartz toegeken vir die sleutelrol wat hy gespeel het in die totstandkoming van die Sentrum vir Openbare Geestesgesondheid, in samewerking met die Universiteit van Kaapstad.

Rector of Freiburg University visits Stellenbosch



University of Freiburg Rector Prof Dr Hans-Jochen Schiewer and SU's Rector Prof Wim de Villiers. Photo: HENNIE RUDMAN

Stellenbosch University reaffirmed its partnership with the University of Freiburg with a meeting held between the heads of the two institutions on Thursday, 2 April.

Prof Dr Hans-Jochen Schiewer, Rector of Germany's fifth oldest university, is the first high-ranking leader from a partner university to meet with the new SU Rector and Vice-Chancellor, Prof Wim de Villiers.

Leading a delegation from the University of Freiburg, Schiewer held informal talks on internationalisation with his SU counterpart and representatives from faculties.

Schiewer's visit followed his participation

in the AC21 International Forum hosted in Stellenbosch in April 2014.

Schiewer was accompanied on his second visit to Stellenbosch by Prof Ursula Wittwer-Backofen, Director: Department of Biological Anthropology, and Anja Hausmann from the International Office at Freiburg.

Robert Kotze, Senior Director of the Postgraduate and International Office at SU, also attended the meeting.

Freiburg is one of 16 German universities Stellenbosch has an institutional partnership with. SU also has faculty level partnerships with five other German institutions and several departmental collaboration activities.

PLUS-program gee erkenning aan 36 personeellede

Altesaam 36 personeellede het Dinsdag 14 April sertifikate vir studies in finansiële bestuur en administratiewe ondersteuning ontvang. Hierdie opleiding vorm deel van die US se PLUS-program (Professional Learnership University of Stellenbosch).

Die PLUS-program is 'n inisiatief van die US waardeur personeellede sonder formele kwalifikasies opleiding in administrasie kry as deel van hul loopbaanontwikkeling. Dit word sedert 2006 aangebied.

Sowat 140 personeellede het sedert 2006 die PLUS-program voltooi en altesaam 48 die finansiële kursus van die internasionale Association of Accounting Technicians (AAT).

Volgens Jan Knight van Menslike Hulpbronne loop personeellede van die PLUS-program twee dae per maand klas, ontvang mentorskap, skryf dan 'n oopboek-eksamen en ontvang daarna hul kwalifikasie in administrasie van die US.

Dit is gemik op assistente wat administratiewe take binne hul omgewings verrig.

Vir die AAT-kursus kom personeellede in aanmerking wat die finansiële administrasie van hul afdelings behartig. Dié kwalifikasie, wat wêreldwyd erken word, stel hulle ook in staat om verdere studie in rekeningkunde te kan ondemeem.

Tans is sowat 20 reeds besig met die AAT-kursus.

Een van die kandidate wat die eerste jaar van die AAT-kursus voltooi het,

Sunelle Hanekom, sê hoewel finansies nie 'n veld is wat sommer van 'n PA verwag word nie, het hierdie kursus haar die geleentheid gebied om dit by haar lys van vaardighede te kan voeg.

"Om 'n PA te wees is vir my baie belangrik, maar ek het gevoel dat ek

meer wil bied. Dit is ook lekker om te weet dat ek wel die sawy het vir finansiële syfers. Wie weet waarheen die toekoms my gaan lei?" sê Hanekom.

• Aansoeke vir die PLUS-program is nou oop. Kontak Jan Knight by jkn@sun.ac.za vir meer inligting.



Hierdie US-personeellede het hul kwalifikasies vir die PLUS-program ontvang. By hulle is prof Wim de Villiers, US-rektor. Foto's: ANTON JORDAAN

Yusef Waghid honoured with prestigious award for education research

The Association for the Development of Education in Africa (ADEA) and the African Development Institute (EADI)



Prof Yusef Waghid

of the African Development Bank (AfDB) have honoured Stellenbosch's Prof Yusef Waghid with the award Education Research in Africa:

Outstanding Mentor of Education Researchers (2013-2014).

This award recognises the critical role of education in social and economic development, and

acknowledges the role of research in the formulation and implementation of educational policy and reforms.

Furthermore, the award is designed to promote excellence in educational research in African universities, research institutes and networks, and also among Africans in institutions in other parts of the world.

It seeks to identify, reward and foster outstanding accomplishments in educational research in Africa.

Waghid received this award in recognition of being an accomplished researcher and an Africa-based mentor who contributed to strengthening research capacity through supporting the professional development of Africa-

based educational researchers.

Some of the criteria used to assess the quality of his research and mentorship provision included a track record of mentorship; scope of achievements in educational research, policy and practice at various levels in addition to mentoring researchers; and recognition for his or her mentoring capabilities.

Waghid, professor in the Faculty of Education, is an internationally-acclaimed scholar in the field of democratic educational inquiry, and his research contributions in this field are premised on arguments that consolidate engagements with others along the lines of communitarianism.

'n Rektor vir die toekoms

Op 1 April het Prof Wim de Villiers sy termyn as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch begin. PIA NÄNNY het met hom gesels.

Prof Wim de Villiers is skaars 'n maand in die rektorstoel en hy wil nog baie luisterwerk doen, maar een ding weet hy reeds: die mense by die Universiteit Stellenbosch maak hom opgewonde.

"Ek het al heelwat mense leer ken en ek is só beïndruk met die gehalte werk wat gedoen word, én ook met die lojaliteit en doelgerigheid van mense.

"Mense is besig met belangrike dinge – hulle is besig met opvoeding, met navorsing; hulle is besig met dinge wat van belang is vir die gemeenskap."

Hy het van die begin af gesê hy beplan om vir eers nie veel te sê nie, maar eerder te luister en waar te neem en die institusionele hartklop van die US te voel sodat hy kan bepaal hoe om dinge verder te neem.

Daar is twee vrae wat hy graag aan personeellede wil vra: "Wat maak jou trots om 'n Matie te wees?" en "Wat kan ek as rektor en die senior bestuur onmiddellik doen om die US 'n beter plek te maak?"

Hy beplan om 'n oopdeurbeleid te volg, by mense in hul omgewings uit te kom en met 'n fokus op "vorentoe deur uitnemendheid" na gesprekke te luister. Terugvoering is belangrik om seker te maak die US hou tred met markverwagtings, glo hy.

De Villiers is dit 100% eens met die US se visie om innoverend, inklusief en toekomsgerig te wees, en wil alles daaraan meet. "Ons het 'n besondere respek vir die verlede en 'n waardering daarvoor, maar ons moenie benepe daaraan vasklou nie. Waar ons wonderlike tradisies het, is dit goed, maar die tradisies moet ons dien en nie ons vir hulle nie. Ons moet ook dink en bou aan nuwe tradisies, soos 'n tradisie van filantropie deur studente vir ander studente."

Daarom glo hy ook dat transformasie nie net onvermydelik is nie, maar noodsaaklik. "Die Universiteit kan nie bly soos hy is nie. 'n Organisme moet transformeer en aanpas."

Met verwysing na van die oudste universiteite in die wêreld, soos Oxford en Bologna, meen hy hulle bestaan steeds omdat hulle getransformeer en gereageer het op veranderings in die omgewing rondom hulle. "Ons gaan verander. Ons weet nie altyd hoe nie, maar dis deel van die opwinding."

Dinge oor die US wat hom opgewonde maak, is die mensekapitaal en die wonderlike ligging en infrastruktuur, want dit bevorder globalisering. "Die US moenie net 'n nasionale juweel wees nie, maar ook 'n nasionale bate. Alles is in plek (vir die US) om 'n baie groot bydrae te lewer – plaaslik, in Afrika en wêreldwyd."



Prof Wim de Villiers in sy kantoor in Admin B.

Foto's: STEFAN ELS

Hy glo die US het die potensiaal om gesiene internasionale geleerdes, wetenskaplikes, navorsers en studente hierheen te lok. "Daardie internasionale geur en diversiteit kan baie verrykend wees. Dit is ook 'n baie belangrike transformiewe element."

Wat hom bekommer is die buitengewone verwagtings wat aan universiteite in Suid-Afrika gestel word om groot getalle gegradueerdes te lewer. De Villiers beskou onderbefondsing in hoërsonderwys as een van die groot uitdagings van sy termyn. "Die besteding skiet ver tekort, selfs in vergelyking met lande soos Senegal en Ghana," meen hy.

Die doelwitte wat hy vir homself as rektor gestel het, vloei uit die institusionele voorneme en strategie. Hy wil die universiteit verder neem – vorentoe en met 'n klem op uitnemendheid.

"Ek is baie toekomsgerig. Daar is ses eienskappe waarvoor ek graag onthou sal wil word en wat noodsaaklik is om suksesvolle transformasie te bewerkstellig: nuuskierigheid, energie, moed, deursettingsvermoë, fokus en dissipline.

"Met ander woorde: Jy moet die oog op die bal hou en hard werk. Dinge gaan nie altyd maklik gaan nie, maar jy moet deurdruk. En nuuskierigheid is baie belangrik – hoe word dinge op ander plekke gedoen? Wat is 'n beter manier om iets te doen? Ons moenie selfvoldaan raak nie," waarsku hy.

De Villiers hoop mense sal eendag terugkyk na sy tyd as rektor van die US en sê die universiteit was 'n plek waar mense sentraal gestel is, nie net studente nie, maar alle rolspelers. "Ek kan niks doen as dit nie is vir die mense wat saam met my werk nie. So ook kon dosente niks doen as dit nie vir die steundienspersoneel was nie. Ons is almal deel van 'n groot span."

Who is Prof Wim de Villiers?

Prof Wim de Villiers (55) is the 12th SU Rector and Vice-Chancellor. He was appointed by the University Council on 1 December 2014, and took office on 1 April 2015. He is a Matie alumnus and medical doctor who also studied and worked in England and America for 21 years.

He was born in Stellenbosch, the youngest child of Prof AB de Villiers, who would later become Dean of Law at SU, and Mrs Gera de Villiers (née Klomp). He matriculated from Paul Roos Gymnasium in 1977 with the best marks in the Cape Province at the time, and passed his MB,ChB at SU cum laude, receiving the Francie Van Zyl and Chancellor's medals for academic achievement. In 1990 he also obtained the MMed degree in Internal Medicine at SU cum laude.

He spread his wings and obtained a DPhil in Immunology at Oxford University, England, in 1995. He went to America to gain more experience at the University of Kentucky Medical Centre in Lexington, KY. He later also obtained a master's degree in health-care management at Harvard University.

De Villiers returned to South Africa and accepted the post as Dean of Health Sciences at the University of Cape Town in July 2013. In April 2015 he entered the next chapter of his career at SU.

He is married to Catherine, and they have two daughters, Katusha and Gera; a son and daughter-in-law, Braam and Kelly; and two grandchildren, Eloise and Beatrice.



Prof Wim with the Maties rugby team.

Prof De Villiers on:

Students

